KENNISGEWING 60 VAN 2020

STAD VAN MATLOSANA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR VERWYDERING VAN SERVITUUT, KONSOLIDASIE, ONDERVERDELING EN DORPSTIGTING

VOORGESTELDE DORPSTIGTING – FLAMWOOD UITBREIDING 58 (Aangrensend Oos van Flamwood X8)

Ek, Joze Maleta, I.D. No. 5301215019081, synde die gemagtigde agent van die eienaar van die Restant van Gedeelte 390 ('n Gedeelte van Gedeelte 360) en Gedeelte 655 ('n Gedeelte van Gedeelte 390) van die Plaas Elandsheuvel No. 402-IP, Noordwes Provinsie, geleë te Monica Laan 132, gee hiermee ingevolge Artikels 41(1)(a), 41(1)(b), 41(2)(a), 41(2)(b), 41(2)(c) and 41(2)(e) van Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013), saamgelees met artikel 56(1), 63(2), 67, 73, 94(1), 95(1),and 96, van die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit se Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik, 2016 (SPLUMA By-wette), asook artikels 69 en 96 van die Ordonansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, (Transvaal), 1986 (Ordonansie 15 of 1986), kennis dat ek by die Matlosana Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het om stigting van die dorp Flamwood Uitbreiding 58 wat die volgende toepassingsdoeleindes insluit: **(1)** 'n Konsolidasie van die Restant van Gedeelte 390 ('n Gedeelte van Gedeelte 360), groot 6,1972 ha en Gedeelte 655 ('n Gedeelte van Gedeelte 390), groot 6,2161 ha van die Plaas Elandsheuvel No. 402-IP, Noordwes Provinsie (*onderverdeelde Gedeelte 953 uitgesluit, groot ongeveer 8195m² en welke afsonderlik geregistreer sal word na die konsolidasie*); **(2)** Onderverdeling van die gekonsolideerde gedeeltes vir 'n Klein Skaaldiagram van die voorgestelde Dorpstigting (groot ongeveer 1,8652 ha), met die oorblywende gedeelte groot ongeveer 9,7286 ha. Laasgenoemde vorm nie deel van die dorpstigting nie, maar mag in die toekoms dienooreenkomstig ontwikkel word. Die Klein Skaaldiagram toon die Erwe soos hierna uiteengesit; **(3)** Dorpstigting op die voorgestelde onderverdeelde gedeelte soos hierbo beskryf, groot ongeveer 1,8652 ha, wat uit 32 "Residensiële 1" erwe en 1 toegangserf bestaan; **(4)** Die opheffing van voorwaarde A in Titelakte T11927 / 2014 en voorwaarde A in Titelakte T51989 / 2010, wat die reg het op 'n Reg van Weg en wat dieselfde voorwaarde is. Hierdie voorwaardes het in 1914 aan die eienaars 'n reg van weg verleen welke nie meer benodig word nie omdat toegang andersins vrylik bekom kan word; **(5)** Die volgende aangrensende eienaars kan moontlik geraak word, naamlik: Erwe 1284 - 1294 van die dorp Flamwood X8, Erwe 1805 en 1862 van die dorp Flamwood X21, Gedeeltes 386 en 393 van die plaas Elandsheuvel No.402-IP.

Enige besware of kommentaar, met gronde daarvoor asook kontakbesonderhede volgens Artikel 99, moet skriftelik ingedien word binne n tydperk van 60 dae vanaf die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale *Gazette*, Beeld en Citizen Nuusblad na die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit: Kantoor van die Munisipale Bestuurder, Bram Fischerstraat, Burgersentrum, Rekords afdeling, Keldervloer, Klerksdorp, 2570 of Posbus 99, Klerksdorp, 2570. Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan tydens kantoorure bogenoemde addres besoek waartydens die beampte, Mnr. Danny Selemoseng, Telefoon nommer 018 487 8365 van die stadsbeplanningsafdeling daardie persoon behulpsaam sal wees ten einde hul besware of kommentare te transkribeer. Besonderhede van die Aansoek en planne (indien enige) is beskikbaar vir inspeksie en insae gedurende gewone kantoorure by die bovermelde kantore, vir n tydperk van 60 dae van die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale *Gazette*, Beeld en Citizen Nuusblad. Sluitingsdatum vir enige besware: 30 Oktober 2020. Adres van die applikant: Mnr. Joze Maleta, Posbus 1372, Klerksdorp, 2570, Telefoon nommer: (018) 462 1991, info@jmland.co.za. Datums waarop kennisgewings gepubliseer sal word: 1 & 8 September 2020.

1–8